KERK by ‘n KRUISPAD Week 9

Inleiding

Deel met mekaar julle stories oor die laaste troue wat julle bygewoon het. Wat is vir jou great oor troues?

Skriflesing:

Lees Openbaring 19:5-9 en 21:1-7 – Waarom dink julle gebruik Johannes die beeld van ‘n bruilof as hy praat oor die wederkoms?

Die laaste 2 hoofstukke van Openbaring gaan oor nuut word:

- **‘n Nuwe hemel en nuwe aarde**

  Wat is daar van die aarde wat jy sal wil nuut maak, of wil verander?

- **‘n Nuwe stad Jerusalem**

  Wat is daar in ons stad Londen wat jy graag sal wil nuut maak, of wil verander?

  Interessant dat Johannes hierdie beeld van ‘n stad sien in die paradys. *Ons dink soms oor die hemel dat dit soos die paradys is, met pragtige natuurskoon waar ons die rustigheid van die skepping kan geniet, maar **Johannes sien ‘n stad met al sy rumoer en bedrywighede** – ons ken dit so goed – dis ons elke dag se lewe en dit is binne in hierdie lewe wat God kom indring.*
  Hy vat ons nie noodwendig weg na ‘n tropiese eiland nie– Hy vat ons werk toe met die tube, skool toe met die trein, huis toe met die kids, dit is waar Hy die nuwe hemel en aarde wil kom vestig, binne in ons lewens elke dag... nie eers eendag as ons doodgaan nie.

  Wat sê **Openbaring 21:3 en 22:7, 12, 20** hieroor?

  Lees ook Johannes 1:12

Maar God wil ook in ons lewens en ons omstandighede kom nuut maak.

- **Wat is daar wat jy graag nuut sal wil hê?**

- **Watter beloftes gee die Here in Openabring 22:12-17**

Bid vir 3 sake

1. **Dank God vir sy Woord en die beloftes dat Hy gaan nuut maak. Bid spesifiek vir die sake in jou lewe wat HY moet nuut maak.**

2. **Dank God vir die rykdom van Openbaring. Dalk sal dit goed wees as elkeen een saak kan noem wat hulle uit hierdie bybelstudies nuut geleer het en spesifiek vir die here daarvoor dankie sê.**

3. **Bid vir:**
    - Corne en Angela en familie met haar afsterwe,
    - Janneman en Christelle Human met sy pa se afsterwe,
    - Vanessa Crots (rug-operasie in Mei),
    - Viviene het gekraam, maar die kleintjie is in ICU met “unregular sugar” – bid asb vir haar gesondheid
    - Sumien en Johan wat later in die maand ook gaan kraam

Verklarings van beelde en simbole (om selleier te help en vir sellede wat meer wil weet**)**

Openbaring 19:11-16

- Hemel is oop v 11- ons kan maar ingaan, ons is welkom...!
- Ruiter op wit perd v 11 – verteenwoordig Jesus – wit = rein, perd = gebruik vir oorlog
- Getrou, betroubaar v 11 = ons kan Hom op sy Woord vat...
- Oordeel regverdig v 11 – kan Hom maar vertrou (terug na verlede week se Bybelstudie)
- Oë wat vlam soos vuur v 12 – vuur = om mee skoon te brand, louter, toets egtheid van metale
- Heerserskrone – v 12 – baie heerserskrone, heers op baie tereine en plekke – nie net in die kerk nie!
- Naam op Hom – v 12 – naam is NB vir identiteit – verduidelik wie Hy is – “”Naam bo elke naam” Kyk ook Fil 2:9, Miga 4:5, Psalm 138:2
- Bloed-deurweekte klere – v 13 – verwys na Jesus se bloed wat vir ons vloei, waarborg ons redding, maar onderstreep ook die prys wat Hy bereid was om vir ons te betaal
- Fyn wit klere – v 14 – wit klere ‘n teken van reinheid, skoongewas in Jesus se bloed, ook teken van oorwinning
- Skerp swaard uit sy mond – v 15 = Woord van God - Openb 1:16, Hebr 4:12
- Ystersepter – v 15 wys op die permanensie van sy heerskappy
- Parskuip trap – v 15 – dui op God se oordeel

Openbaring 20:7-10

- 1000 jare waar satan gebind is v 1-7 – dui op ‘n volledige tydperk (10 x 10 x 10) – dit wil lyk of dit op ‘n tussentyd dui voor die finale oordeel plaasvind, maar die meeste verklaarders is effens onseker hieroor – bevestig die berperktheid van satan se mag en invloed
- Gog en Magog – lees Eseg 38:2 – Gog was die hoof van Magog en verteenwoordig al die magte noord van Israel in die omgewing van die huidige Turkye, Iran, moontlik selfs deel van suidwes Rusland
- Vuur van die hemel v 9 = God se oordeel, vuur vernietig